



TOULEIER



Ek spring die dood vry in Sumatra

Hoofstuk 3 Deel 9

Ná ons snorkel ondervinding op die eiland Bunaken het die duikgogga behoorlik gebyt en bespreek ons die volgende naweek by een van die vyfster hotelle wat oral langs die kus in aanbou was. Die prys was selfs vir Indonesië belaglik goedkoop. Ons sou gou uitvind hoekom.

Ons drywer het ons gaan aflaai en nadat ons die laaste kilometer na die hotel in 'n laning in die woud tussen rye nuwerwetse bemarkingsvlae op bamboespale gery en soos koninklikes op besoek gevoel het, het ons voor 'n indrukwekkende gebou gestop. Dis daar waar ek die eerste keer gesien het mens kan 'n vlag net so lank soos die vlagpaal maak. Die voorkant van die hotel was geheel en al van Indonesiese kiaathout gebou. Getrou aan die Indonesiese styl, was die massiewe ontvangslokaal met sy blinkgepolitoerde houtvloere, oop plan en sonder enige glas vensters.

Jy weet jy is binne in die hotel, maar dit voel steeds of jy buite is. Die hotel was nog so nuut dat ons daardie naweek die enigste gaste was. Die hele hotel en sy personeel was dus uitsluitlik daar vir ons genot. Dit klink miskien lekker, maar glo my, dis nogal spookagtig en mens ontspan nie werklik nie. Ook nie dom nie, was daar maar baie min mense aan diens.

Ons wou byvoorbeeld duiklesse in die reuseswembad gekry het, maar die bestuur het nederig om verskoning gevra en verduidelik dat daar ten minste 10 mense moes inskryf alvorens die duikinstrukteur bereid was om uit te kom vir lesse.

Ons maak toe maar die beste van die saak en snorkel dat die biesies bewe. Kamermaatjie kon ook net so lank na die gekleurde vissies en korale kyk en het later vanaf die strand vir my lê en waai elke keer as ek land toe loer om te sien of ek darem nog nie te ver uitgewyk het nie. Nog 'n les vir aspirant snorkelaars: Trek 'n T-hempie aan of smeer genoeg waterbestande sonbrandolie aan jou rug as jy nie soos 'n gekookte kreef wil lyk of voel as jy die dag uit die water kom nie.

Die restaurant die aand was ewe spookagtig en die keuses van geregte verstaanbaar min. Gelukkig is daar altyd vars vis, kreef en krap beskikbaar en kon ons dit met 'n lekker Franse vonkelwyn afgespoel. Die ete was duurder as die hele naweek se kamerkoste.

Kort daarna laat weet my baas dat my volgende projek vir my wag. Ek stuur Kamermaatjie terug Hongkong toe. Hierdie keer is ek op pad na 'n hidroëlektriese skema op die eiland van Sumatra. Dis reg langs die baie bekende Toba-meer. Daar moet ek 'n Koreaanse kontrakteur gaan help met 'n eis teen die Japannese ontwerper. Hy waarsku my dat dit olie en water is. Die Japannese en die Koreane was nog nooit groot maatjies nie.

Ek kan nie wag nie en is baie opgewonde want Sumatra is mos een van die eilande waar die orangoetang en 'n hele paar ander primate nog vry voorkom in die natuur.

My vlugroete neem my via Djakarta na Medan, die hoofstad van Sumatra. Die vliegtuig vanaf Sulawesi word vertraag. Soos die noodlot dit wou hê, mis ek toe die tweede been op Garuda vlug nommer 152 op die 26ste September 1997 en is aanvanklik baie ontsteld daarvoor.

Daardie einste vliegtuig vlieg toe in 'n berg vas naby Medan. Al 234 mense aan boord sterf. Sedertdien het ek nog nooit weer gekla oor gekanselleerde of veranderde vlugte nie.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Boeta, was hulle VERKEERD! (9)



"Ek dink daar is 'n wêreldmark vir vyf rekenaars." "

- Thomas Watson, voorsitter van IBM, in 1943.



Oom Jan Droëpan sê:

Adam het Eva blameer en Eva het die skuld op die slang gepak. En die slang het nie 'n voet gehad om op te staan nie.

Die meeste mense verdien mekaar.

Skryf maklik beter Afrikaans

♦ 'n "Muffin" bly 'n muffin. Dis nie 'n kolwyntjie nie – nes koeksisters dieselfde bly in Engels. Koeksusters is 'n Maleise soetgereg en lyk en smaak heel anders.

♦ "Op pad" is twee woorde.

♦ "Huis toe" is twee woorde. Tensy dit jou hond se naam is.

♦ Die regte uitdrukking is "nog voor ek my KOM kry".

♦ Mens stuur 'n e-pos ('n epos is 'n tipe gedig).

♦ Die Afrikaanse verlede tyd vir "e-mailed" is "ge-e-pos" (ten spyte van enige estetiese, ideologiese of morele besware wat jy daarteen het).

♦ Ek WAARDEER jou vriendskap. Die rivier WAARDEUR ons loop, is diep.

♦ GPS bly GPS (Globale Posisioneringstelsel)

♦ Jy mag 'n boks 'n boks noem (of kartondoos of doos). Boks is reg. Dis in die AWS.

♦ Daar is 'n verskil tussen 'op soek' (twee woorde) en 'opsoek' (een woord). Voorbeeldsinne: Ek is OP SOEK na haar telefoonnommer. Ek sal dit maar in die gids OPSOEK. Dus: 'op soek na' word los geskryf en 'opsoek' wat 'naslaan' beteken, word vas geskryf.

♦ Jy verseker jou huisinhoud. Of jy verseker my van jou opregte bedoeling. Wanneer jy iets sonder twyfel of beslis doen, doen jy dit vir seker.



Wie onthou dit nog?

Broodbak in buite bakoende kom 'n lang pad. Tydens die Groot Trek is uitgeholde miershope langs die trekpad gebruik om brood in te bak. Jy maak vuur daarin, verwyder die kole en sit die deeg in. Dan maak jy die bek van die oond met 'n klip toe en smeer die kante dig met klei. Op plase was buite bakoende gewoonlik van kleistene en die vloer ook met klei bedek.

Die bek van die oond is met 'n plat klip, sinkplaat of 'n ysterdeurtjie toegemaak en met nat klei dig gemaak. Jy maak vuur daarin. krap die kole uit, skuif jou gerysde brode saggies in; van voor pak jy jou patats, kwepers, kalbaspere, skywe winterpampoene . . . die bakoend sal sorg.

Duskantlander in Anderkantland

Van trek vertel jy ons niks

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.

Ek kry hoenderswak elke keer as iemand my vra: "Waar kom jy vandaan?" Wat bedoel hulle? Waar, soos in vanoggend toe ek my deur toetrek, of die land waar ek laaste gewoon het, waar ek residensie het, of waar ek gebore is?

My laaste drie-en-twintig-jaar se Afrika-rondtrek het my gevou en gevorm tot net hier in Akkra waar ek tans woon. Ek weet in my hart is ek Namibië met Oros koeldrank, Jägermeister, biltong, skaapstertjie, pofadder en Windhoekbier iewers onder my dak.

Iemand het my die ander dag vertel hy's gebore in 'n kruiva in die saagmeule waar sy pa gewerk het. Dis mos nou 'n ding wat tel. En hoe het sy lewe uitgedraai met so 'n misterieuse begin? Vandag is hy 'n ondergrondse myner in Rustenburg wat hou van visvang en blokkiesraaisels.

Doer in die destydse Oos-Transvaal is 'n goudmyndorp, Evander, waar ek gebore is. Die spoegseltjie dorp is vernoem na Evelyn, die vrou van die distrik se administrateur – mense wat iets beginne het soos 'n dorp en myn waar daar destyds niks was nie. In die Nuwe Suid-Afrika is Evander vandag geleë in Mpumalanga, in die Gert Sibande-distrik, uitgedeel aan die Govan Mbeki-munisipaliteit.

Gert Sibande is vernoem omdat hy óók toegesluit is met Mandela. Volgens Wikipedia het Gert deel gehad aan die aartappel-boikot. Govan Mbeki het reeds 'n mediese universiteitsgebou in Glasgow genoem na hom en hy was ook President Thabo Mbeki se pa.

“ Reël 'n koebaai-braai en kuier die drankkabinet leeg.

Bondel die res in wioletjie reistasse leer 'n paar woorde in die nuwe taal en slaap en dut in lughawens terwyl jy wag vir konneksievlugte.

Niks van my geboorteplek was opwindend nie, ek is daar weg voordat ek tanne gekry het. Daarna trek ek in 1993, as drie-en-twintig-jarige na donker Afrika.

Soos haas-en-hond het ons vir die volgende drie-en-twintig jaar vir werk rondgetrek. Ons weet hoe om binne tien dae, ingeburger te wees in 'n ander land. Adverteer al jou wêreldsbesittings op sosiale media, gooi weg en deel die res uit.

Reël 'n koebaai-braai en kuier die drankkabinet leeg. Bondel die res in wioletjie reistasse, weeg in net-net onder die gewigslimiet, wissel Amerikaanse geldeenheid, leer 'n paar woorde in die nuwe taal en slaap en dut in lughawens terwyl jy wag vir konneksievlugte.

Slaap ten spyte van muskiete in bedompige warm nagte op vreemde beddens, snuffel na bekostigbare eetplekke, kry 'n werkende ATM, open 'n nuwe bankrekening, soek bekende bestanddele, doen inkopies, toor een-pot-kos, koop basiese meubels soos banke en beddens. Oor en oor; dis alles reeds gedoen.

Deesdae gesels ek gemaklik in meer as een taal in dieselfde geselskap. In die plaaslike mark groet en kibbel ek *Twj*, ek weet almal in Afrika is nie noodwendig grysugtig nie.


Hierdie is rêrig leeuwêreld en gereeld bevind ek myself in ongemaklike situasies. Ek mis altyd my eie mense, ons troeteldiere, my ma se huis en die normaliteit van 'hoe dinge eintlik werk' in my eie land. Alles is later aanvaarbaar en anders – solank ek nie elke dag met een of ander geloofsgeneser of aspirantpolitikus hoef te deel nie.

Wyse mense weet jy kan so ietsie by almal leer – nou probeer ek oopkop bly. Ons hou 'n Jägermeistertjie byderhand vir die hoenderswak' ...

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos @onsdorp.com

UITERS GEMEEN



HIERNAMAALS

Baas: "Glo jy in lewe ná die dood?"

Werker: "Nee, Meneer."

Baas: "Ek ook nie, maar 'n vreemde ding het gebeur. Terwyl jy by jou ouma se begrafnis was, het sy hier na jou kom soek."

RESPEKTE

Respekteer jou ouers.

Hulle het skool sonder Google deurgekom.

TOE BELEDIGINGS NOG KLAS GEHAD HET

'n Paar beledigings uit die dae voor drie- en vierletterwoorde.

♦ Briefwisseling tussen George Bernard Shaw en Winston Churchill:

Shaw: "Ek sluit twee kaartjies in vir die openingsaand van my nuwe verhoogstuk. Bring 'n vriend saam . . . as jy een het."

Churchill: "Kan onmoontlik nie openingsaand bywoon nie. Sal wag vir die tweede opvoering . . . as daar een is."

♦ "Hy het geen vyande nie, maar sy vriende haat hom intens." - Oscar Wilde.

♦ "Hy is 'n selfgemaakte man, en hy verheerlik sy maker." - John Bright.

♦ "Ek het pas van sy siekte gehoor. Kom ons hoop dis nie iets alledaags nie." - Irvin S. Cobb

♦ "Hy is nie net self vervelig nie, hy is ook die oorsaak van ander se verveligheid." - Samuel Johnson

♦ "Hy is 'n rilling op soek na 'n ruggraat waarteen hy kan opbeweeg." - Paul Keating.

SUKKEL MET IPAD

Ek moes vanoggend om twee-uur self uitwerk hoe die iPad werk. Ons resident ingenieur was aan die slaap en ek kon hom nie wakker maak nie. Hy is vyf jaar oud.

Ek het nooit gedink ek sal vroeg opstaan om te oefen nie. Ek was reg.

SO LEER JY

'n Seuntjie stap met sy pa in die park.

"Pa, hoekom is die lug blou en nie rooi nie?"

"Ek weet nie," sê die pa.

'n Entjie verder wil hy weet hoe voëls weet waar hul neste is.

"Ek het geen idee nie," sê sy pa.

"En waarmee maak spinnekoppe 'n web?"

"Ek weet nie, seker 'n soort tou of iets."

"Pla dit Pappa dat ek so baie vrae vra?"

"Nee, my kind. As jy nie vrae vra nie, sal jy mos nooit iets leer nie.

Op 26 begin die liggaam se selle afbreek. Hoekom weet die vetselle dit nie?

Daar is tye in my lewe wanneer ek dink ek het 'n baie goeie vrou. Maar daar is ook tye wanneer ek nugter is.

BC deur Mastroianni en Hart



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



"Hou daai koei!"

Die 98-jarige Moeder Owerste van Ierland was op haar sterfbed.

Die nonne het rondom haar bed vergader en probeer om haar laaste reis gemaklik te maak.

Hulle het vir haar warm melk aangebied, maar sy het dit geweier.

Een van die nonne het die glas terug kombuis toe geneem en onthou daar is 'n bottel Ierse whiskey wat as 'n Kersgeskenk ontvang is.

Sy het die prop afgedraai en 'n stywe skoot by die warm melk gevoeg. Terug by Moeder Owerste se bed het sy die glas by haar lippe gehou.

Moeder het daaraan geproe en weer geproe en kort voor lank was die hele glas leeg.

"Moeder," het die nonne gevra, "gee vir ons 'n paar woorde van wysheid voor u sterf."

Moeder het regop gesukkel en gesê: "Moenie daai koei verkoop nie."

Koos se bekering

KOOS braai elke Vrydagaand 'n groot stuk steak - tot die ontsteltenis van sy Katolieke bure wat onder die versoeking moet ly.

Hulle praat toe 'n priester om om Koos van geloof te laat verander. Hy woon die mis by, die priester sprinkel heilige water oor hom en sê: "You were born a Protestant, raised a Protestant but now you are a Catholic."

Almal was gelukkig -- totdat dit weer Vrydag word en die geur van 'n biefstuk die lug vul.

Die priester storm toe by Koos se werf in, net betyds om te sien hoe hy 'n klein botteltjie water oor die vleis sprinkel. Koos gewaar die priester, en sê:

"You was born a cow, you was raised as a cow, but now you is a snoek!"

As jy klein is, trek jy gesigte voor 'n spieël.

As jy oud word kry die spieël jou met rente terug.



Onwettige lading

Vyf Duitsers in 'n Audi Quattro kom by die Italiaanse grens aan. Die Italiaanse grenswag stop hulle en sê aan hulle dat dit onwettig is om 5 mense in 'n Quattro te laai.

'Wat bedoel jy dis onwettig?', vra die Duitse bestuurder.

'Quattro beteken vier', antwoord die Italiaanse grenswag.

Die Duitser is kwaad en verbaas en sê: 'Dit is net die naam van die kar. Jy kan op sy papiere kyk - dit is ontwerp om vyf mense te vervoer!'

'Nee,' sê die Italianer, 'moenie my met daardie een probeer flous nie. Quattro beteken vier, jy het vyf mense in die kar, dus oortree jy die wet.' Die Duitser vra toe dat die grenswag sy bevelvoerder moet roep, sodat hy eerder met 'n senior persoon kan praat.

'Jammer,' antwoord die grenswag, 'hy kan nie nou kom nie, hy is besig met die twee ouens in die Fiat Uno.'

VRYSTAAT BO!

"Ou seun," sê die Vrystater vir sy oudste, "ek het nou net gehoor jy vra vir darie oom van watter provinsie is hy. Nou luister, en moet dit nooit weer vergeet nie: As 'n man uit die Vrystaat kom, sal hy vir jou sê. En as hy nié 'n Vrystater is nie, is daar geen rede hoekom jy hom in die verleentheid moet stel nie."



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

In die weermag leer jy altyd meer

Deur Skutter Lombard SP

Opleiding hou net nie op in die weermag nie. Na basies, soos toe ons op die grens aankom, moes ons nuwe vaardighede aanleer.

Van die dinge wat ons moes aanleer klink bra simpel, maar dit kan jou jou lewe kos as jy dit nie doen nie. Soos om al jou toerusting só te pak dat dit nie geraas maak as jy loop nie.

Die grootse probleem was dat jou dixies altyd geraas het as jy geloop of gehardloop het. Dixies is vierkantige, aluminium varkpanne, een kleiner as die ander een sodat hulle in mekaar kan pas. Hulle het sulke draadhandvatsels wat jy kan plat vou.

Die varkpanne is weer vlekvrige staalskinkborde waarin daar verskillende holtes gedruk is sodat jy jou hele ete van pap tot poeding daarop kan skep.

Varkpanne word gebruik in die basis, en dixies in die veld. Wat ons gedoen het, was om dan stoflappe om elke dixie te draai sodat die dixie se handvatsels nie raas nie.

Alles wat jy droog wou hou, moes individueel in plastieksakkies toegedraai word. So het ons ons klein Bybeltjies in plastiese sakkies toegedraai. Jou sigarette, vir dié wat gerook het, is ook toegedraai.

So is ons geleer om alles klankdig, of kom ons noem dit liewer geraasloos, te maak. Dit klink miskien onnodig, maar as mens in 'n bos is, en iets begin raas, kan die vyand jou so opspoor en doodsiet.

Nog iets wat ons aangeleer het was om in die aande te gaan stort voor ons op patrollie gaan. Die rede daarvoor is dat as jy die oggend gaan stort en skeer en dan in die veld patrollie gaan loop, kan die vyand jou op 'n afstand ruik, omdat jy nog die seepreuk aan jou het.

So moes ons ook waar ons op patrollie was en dalk gerus het, netjies skoongemaak het. Die vyand kan baie van jou deur jou rommel agterkom.

Alle batterye moes heeltemal opgekap word, aangesien die vyand die bietjie krag wat dalk nog oor is in die battery kan gebruik om 'n bom te maak wat deur die battery ontsteek word.

As jy koeldrank oopmaak, moet jy die ringetjie in die blikkie gooi en dan die koeldrank drink.

Al die paaie op die grens was grondpaaie. As jy die ringetjie op die pad gooi, en die manne met die metaalverklikkers vee die pad, moet hulle elke paar meter stop, oopgrou en kyk of dit nie 'n land myn is nie.

So mors jy dan baie kosbare tyd en geld.

Dit is een van die dinge van die weermag wat my nog altyd bygebly het, want tot vandag toe, wanneer ek 'n blikkie koeldrank drink, breek ek die ringetjie af en gooi dit in die blikkie. 'n Gewoonte wat ek seker nooit in my lewe sal afleer nie.



FIETSE OP DIE TREINSPoor!

Australiese soldate op fietse tydens die ABO. Die sg. "War Cycle" is deur die Royal Australian Cycle Corps gebou, spesiaal om op treinspore te kan ry. Die fietse was kakiekleurig en 'n groepie van agt kon tot 48 km/h haal.

Fietsryers is gewoonlik as boodskappers of verkenneers ingespan omdat hulle vinnig en geruisloos kon beweeg. Die Boerespioen Danie Theron het sy eie "Wielrijders Rapportgangers Corps" in 1899 gestig en was hul kommandant.



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Hier is 'n paar van die nuwe plasings wat bygekom het:

Dempers

E-pos: boetdempers@gmail.com

My oupa was Johannes Abram, gebore te Tulbagh op 17-2-1858 en sterf op 11-1-1925 te Tulbagh. Sy graf is op plaas Kruys Valley, Tulbagh. Ek is opsoek na sy ouers se inligting.

Naude grkharie@gmail.com

Kan iemand dalk help. Ek is op soek enige inligting van die volgende familie: Johannes Gerhardus Naude - gebore 1845. Het sy grafsteen op eggssa gesien, Hopetown begraafplaas. Hy was blykbaar 2 x getroud. Die volgende persoon is sy seun en ek soek ook inligting oor hom: Francois Philippus Naude gebore 08 Junie 1870 met Elizabeth Alida Swiegers en hy was blykbaar ook getroud met 'n Nel dame. Sal baie bly wees as iemand kan help. Sy graf is ook in Hopetown begraafplaas.

Daar was ook navrae oor: Strydom, Smith en Bekker

Gaan loer gerus ons webwerf of jou jy dalk kan help met inligting oor jou eie van:

www.onsdorp.com/stamboom

VIER SKERP FEITE

1. Ons hou almal daarvan om klere te koop, maar sonder om daaraan te dink dat die lekkerste oomblikke sonder klere geskied.
2. Om op 'n warm dag iets kouds saam met vriende te drink is lekker, maar 'n warm vriend op 'n koue nag ná 'n paar drankies is onvergelykbaar.
3. Om oor 'n meisie se borsgrootte te argumenteer is soos om te moet kies tussen Heineken, Windhoek Lager en Fosters. Mans het hul voorkeure, maar sal alles gryp wat beskikbaar is.

EN

4. Ek het dit nie op Snopes of Google getoets nie, maar dit klink korrek. 'n Onlangse studie het bevind dat vroue wat 'n bietjie ekstra gewig dra langer leef as die mans wat dit noem.

'n Goeie man laat jou sexy en sterk voel, asof jy die hele wêreld kan uitdaag.

Ekskuus, nee dis wyn wat jou so laat voel.

As jy kwaad is en swart klere dra en iemand vra wie is dood, sê jy "Ek het nog nie besluit nie."

Kyk hoe lekker sê sy hom!

Die berede polisieman was op sy perd op die punt om die straat oor te steek toe 'n dogtertjie met haar blink trapfiets langs hom stop.

"Mooi fiets," sê hy, "het Kersvader dit vir jou gebring?"

"Ja!" sê sy trots en opgewonde.

Hy kyk die fiets deur, en gee haar 'n R50 boete.

"Sê volgende jaar vir Kersvader hy moet onthou van die reflektor."

Die dogtertjie kyk op na die polisieman op sy perd.

"Mooi perd," sê sy, "kom dit ook van Kersvader?"

"Ja, hoe't jy geraai?" sê hy.

"Onthou om volgende jaar vir Kersvader te sê die poepol sit onder die perd se stert, nie op sy rug nie!"

Die heel eerste spoedkaartjie is in Januarie 1898 aan Walter Arnold van Kent gee. Sy oortreding was 8 mp/h in 'n 2 mp/h sone. Hy is deur 'n konstabel op 'n fiets gevang.



As jy 'n PENSOENARIS of 'n INTEKENAAR is, kan jy hier klik vir KAMMANUUS EKSTRA:

www.onsdorp.com/ekstra.html